## Bronnelys


Armstrong, RS 1984. *The pastor as evangelist.* Philadelphia: Westminister Press.

Barnard, AC 1981. *Die erediens.* Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Cilliers, J 1994. *God vir ons.* Kaapstad: Lux Verbi.

De Klerk, JJ 1979. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Gibbs, E 1981. *I believe in Church growth.* London: Hodder and Stoughton.

Heyns, JA 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Janse van Rensburg, J 1995. *Perspektiewe op 'n kontemporêre gereformeerdebediening.* In die Skriflig 29(4):623-644.

Jonker, WD 1976. *Die Woord as opdrag.* Pretoria: NG-Kerkboekhandel.

Lindgren, AJ 1965. *Foundations for purposeful Church administration.* Nashville: Abingdon.

Polman ADR sj *Woord en Belijdenis* (deel 1). Franeker: Wever.

Richards, LO 1985. *A Theology of Christian Education.* Grand Rapids: Zondervan Press.

Spier, HJ 1952. *Karl Barth. Profeet of ketter?* Delfte: Uitgeverij Van Keuln.




# Vergeetboeke? Die aktualiteit van die Gereformeerde belydenisskrifte

**Dolf Britz**

'n Kernaspek van die krisis in die Ned Geref Kerk is dat soveel lidmate en predikante nie 'n saak het met die belydenisskrifte van die kerk nie. Hulle ken dit eenvoudig nie. Vir baie leraars is dit niks meer nie as historiese dokumente wat op 'n keer onderteken is. Maar dit het nie meer 'n blywende en rigtinggewende aktualiteit oorgehou vir die moderne lewe waarin die gemeente staan en die teologie beoefen word nie. Gevolglik het die Formuliere van Eenheid vergeetboeke geword.

In hierdie bydrae word geargumenteer dat die belydenisskrifte nie vergeetboeke kán word nie, omdat hulle seggenskap en seggenskrag nie afhanklik is van die mate waarin hulle in die kerk bekend is en aanvaar word nie. Inteendeel, dat hulle op die agtergrond in die kerklike lewe beland het, dui op 'n krisis by die kerk, eerder as dat dit 'n aanduiding is van die historiese onbeholpenheid van die belydenisskrifte in die moderne tyd. In die uitwerk van die argument hieronder, sal dit al duideliker word waarom die Ned Geref Kerk hierdie gebrek aan belangstelling by die belydenisskrifte sal moet oorkom.

## Die Bybel en die belydenis van die geloof

Dit is Bybels om die geloof te bely. Die klassieke teks waarna in hierdie verband verwys word, is natuurlik Matt 16:13-20. Op 'n keer, toe die Here Jesus in die streke van Sesarea-Filippi gekom het, wou Hy van sy dissipels weet: Wie sê julle, so staan dit daar geskrywe, is Ek? Die antwoord van Petrus is oorbekend: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Jesus noem hom dan gelukkig of salig, want, sê Hy, dit is nie 'n mens (vlees of bloed) wat dit, naamlik dat Jesus die Christus is, aan hom geopenbaar het nie, maar die Vader wat in die hemel is. In uitdruklike taal kondig die Here Jesus dan aan dat Hy Self op hierdie rots sy kerk sal

bou, en dat die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie.

Die rede waarom Petrus juis met hierdie belydenis vorendag gekom het, is van deurslaggewende belang. Dit moet 'n mens nie ontglip nie. Christus skryf dit toe aan niks minder nie as 'n genadevolle handeling van die Vader, 'n handeling wat van buite gekom het. Geen mens, ook nie sy eie innerlike mens, het hom meegedeel dat Jesus die Christus is nie. Dit het sy oorsprong by die Vader. En wat Hy gee, of oopmaak (openbaar), loop op 'n ontwyfelbare en egte belydenis uit. Die punt is dus dat die belydenis van Petrus in die openbaring van die Vader ontspring. En nie in sy eie godvrugtigheid, of vroomheid, of afhanklikheid, of geheiligde lewenswandel en insig nie. Dit beteken ook dat hierdie belydenis wesenlik nie 'n geloofsantwoord kon wees nie. Sy eie geloof het dit immers ook nie gemunt nie. Dit was 'n erkenning van en vereenselwiging met 'n saak wat reeds tot stand gebring is.

In die res van die Nuwe Testament kom 'n mens hierdie saak ook tee. So wys byvoorbeeld 1 Tim 3:15-16 op 'n aangrypende wyse daarop dat die onteenseglikheid van die waarheid wat ons bely, geleë is in die feit dat dit geopenbaar is.

Wat is geopenbaar? Dat Jesus as mens in die wêreld gekom het; dat dit deur die Gees bevestig is dat die reg aan sy kant is; dat Hy aan engele verskyn het en aan die heidennasies verkondig is dat Hy in die hele wêreld geglo is en in heerlikheid opgeneem is. Dit is daarom 'n betroubare woord wat sonder voorbehoud aanvaar kan word. Hiervan is die gemeente die draer, en nie die uitvinder nie.

Op presies dieselfde manier bring Kol 1:15-20 die belydenis dat die Seun die eerste is, in verband met die Goddelike openbaring. In Fil 2:5-11 word die Vader verheerlik deur die erkenning dat Jesus die Here is. Hierdie erkenning kom immers van Hom. Net so het die Here God self die inhoud van die geloof aan die ou verbondsvolk deurgegee of geopenbaar (vgl Num 15:37-41; Deut 6:4-9; 11:13-21), sodat ook Israel reeds kon bely dat die Here ons God die enigste Here is. So is die hegte fondament vir die belydenis van die geloof ook reeds in Israel deur die Here self gelê.

## Geloof is 'n gawe van God

In al hierdie tekste staan dit soos 'n paal bo water: die geloof wat bely word, kom van die Here. Niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe



deur die Heilige Gees nie (1 Kor 12:3, vgl ook 1 Joh 4:12 ev). Dit gaan dus hierin nie – en dit moet ons goed begryp – om 'n intrinsieke saligmakende geloofsantwoord nie. Dan sou ons met reg daarop kon roem. Hierdie roem sluit die Skrif egter uit, omdat die voldoening van Christus alleen genoegsaam is. Dit gaan met ander woorde om die erkenning van wat die Here in ons skep. Hierdie erkenning kom tot uitdrukking in die belydenis van die geloof. Die spesifieke geloof wat nie uit die duim gesuig is nie, maar wat deur die genade as 'n gawe geskenk en in ons harte uit niks geskep is. Daardie geloof wat, soos 1 Kor 2:9 dit uitspel, die oog nie gesien het en die oor nie gehoor het nie en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, maar wat God gereed gemaak het vir die wat Hom liefhet. Dit is hierdie geloof wat die wêreld oorwin het.

Dit is soos iemand wat 'n groot skat in 'n saailand raakloop en dan alles doen om daardie land in die hande te kry. So het die Here Jesus dit eens op 'n keer verduidelik. Die punt van sy gelykenis (Matt 10:33) is nie dat die ontdekker alles gaan verkoop het om die land en die skat in sy sak te kry nie, maar dat die skat dáár is, ontdek is, geopenbaar is. Dìt het hom in beweging gebring.

Op hierdie punt is die Bybel dus baie helder: Die geloof wat ons – en Petrus – bely, kom van die Vader. Dit was vir die reformatore allesbepalend met betrekking tot die manier waarop hulle die aard en wese van die belydenisskrifte, wat hulle genoodsaak was om op te stel, verstaan het. Vanuit 'n ander hoek besien, wou die reformatore daardie geloof wat die wêreld oorwin, bely. Dink 'n mens daaraan dat hierdie geloof die wêreld ook in Suid-Afrika oorwin het, spreek die blywende aktualiteit van die belydenisskrifte vanself.

## Op voetspoor van die Bybel

Die reformatore was daarvan vas oortuig dat wat Jesus vir Petrus in verband met die belydenis van die geloof, naamlik dat dit vanweë die openbaring van die Vader tot uitting gekom het, gesê het, ten minste ook vir die belydenisskrifte moes geld. Dit het daarop neergekom dat die Bybel, wat as die openbaring van God erken is, die beslissende posisie bekom het.

Hierdie belydenisskrifte wil derhalwe niks anders wees nie as woorde onder die Woord. Hulle ontleen hulle inhoud aan die Skrif, aan die

openbaring. Hulle put uit die Skrif, maar, en dit moet dadelik gesê word, vervang nie die Skrif nie. Die Skrif bly in eie reg die norm. Ons kan bely slegs omdat ons die Heilige Skrif besit; omdat God hom in sy Woord aan ons geopenbaar het. So is die verhouding tussen Skrif en belydenisskrif gesien. Die gereformeerdes wou hulleself doelbewus op voetspoor van die uitklaring van Jesus aan Petrus, ook aan die openbaring hou.

Die intensie van die gereformeerde belydenis is om uitdrukking te verleen aan die geloof wat die wêreld oorwin het, met ander woorde, die katolieke Christelike geloof. Dié geloof wat in alle eeue die wêreld oorwin het. Die belydenisskrifte eggo derhalwe daardie geloof wat die Heilige Gees moontlik maak en skep. In pas met die Skrif, gaan dit in die gereformeerde belydenis oor die soewereine genade van God.

Om hierdie rede is dit nie grootpraterig of verwaand nie, of dit het nie die uiterlike skyn van godsdienstigheid nie. Dit is nie roemtaal oor God, oor die kerk of oor die kerklike geloofstradisie nie.

- Dit is nie 'n fynbesnede teologiese of kerklike standpunt of verklaring wat homself in die tyd as 'n waterskeiding aankondig nie.
- Dit mislei nie en skep nie vir homself leermeesters wat net sê wat die gehoor wil hê nie.
- Dit word nie gebore in 'n oomblik van waarheid nie, maar deur die Waarheid van die Skrif.
- Dit loop uit op gesonde en onaanvegbare prediking, wat nie die saak van Christus in diskrediet bring nie.
- Dit stel verdigsels aan die kaak, omdat dit 'n betroubare woord is.
- Dit lê getuienis af van Christus wat Homself as offer gegee het om ons van alle ongeregtigheid te reinig.
- Dit spreek van die genade van God waardeur ons gered word en tot geloof kom. Dít is die dinge waaroor die belydenis praat.

Die reformatore was om hierdie rede heeltemal op hulle gemak omdat die belydenisskrifte seggenskap én seggens*krag* in die gemeente hét; omdat dit Bybels is. Hierin lê sy aktualiteit.



## Aktualiteit word bepaal deur Skriftuurlikheid

Die aktualiteit van die belydenisskrifte lê in sy Skriftuurlikheid. Dit is aktueel in die mate wat dit Skriftuurlik is. Die gereformeerde belydenisskrifte wil juis die Bybelse openbaring in woorde uitdruk. Die uitgesproke bedoeling is dat in die lees en leer daarvan, die Bybel self aan die woord stel. Daar is musiek in, die musiek van die Skrif wat vandag nog gehoor word as jy dit lees. En wat gehoor sal word tot in die jongste dag.

Hierin, in hierdie "musiek", kom die Skrif tot jou ore. En, daarin lê sy krag. Vanselfsprekend was en is hierdie Skriftuurlike aktualiteit van groot betekenis. Dit was die rede waarom die gemeentes van die Reformasie die belydenisskrifte omhels, erken en vertrou het. Hulle het immers die geloof wat Christus deur die Gees en die Woord in hulle lewe tot stand gebring het, daarin teruggevind. Daarom het die belydenisskrifte hulle nie net in die pastoraat, die teologie, die eredienste, die onderrig en die dissipline (tug) van die gemeente gehandhaaf nie, maar ook aan die alledaagse lewe en arbeid vorm gegee. Omdat die Skrif nie net 'n Sondagboek is nie, is die belydenisskrifte dit ook nie.

Die aktualiteit van die gereformeerde belydenisskrifte hang dus saam met hulle Skriftuurlikheid. Eerstens beteken dit dat sy aktualiteit nie afhanklik is van die mate wat dit in die huidige kerklike praktyk aanvaar word nie. Dit is ook nie afhanklik van die mate waarin dit in die kerk bekend is nie. Dit is ook nie afhanklik van die mate waarin dit kontekstueel of 'n eietydse gees en segswyse openbaar nie. Gelukkig nie, anders sou ons elke keer weer ons geloof opnuut onder woorde moes bring. Dit het 'n aktualiteit van sy eie. Dit lê in sy Skriftuurlikheid.

Dit lê dus by hoe daar met die Bybel omgegaan word. As die Bybel nie die geldende openbaring van God vir alle tye is nie, maar 'n bundel tydgebonde geloofsgetuienisse van mense, beteken dit vanselfsprekend dat die gesag en aktualiteit van die belydenisskrifte hierdeur aangetas word. As die Skrif self gesien word as menslike geloofstradisie(s) en nie as openbaring nie, beteken dit eenvoudig dat die aktualiteit (en gesag) van die belydenisskrifte kontekstueel tot uitdrukking moet kom in terme van 'n herinterpretasie van die geloofstradisie. Eintlik word die belydenisskrifte dan oorbodig en word die geloof van die geloofsgemeenskap telkens in 'n woord van die tyd opgevang en weergegee.

Hierteen het die gereformeerdes met hulle uitgangspunt dat die aktualiteit van die belydenis in sy Skriftuurlikheid lê, stelling ingeneem. Die kerk het immers nie die reg om buite Christus (of die openbaring) om die inhoud van die geloof te skep nie. Dit mag nie anders wees as om daarin ingebed te wees nie, of daaruit opkom nie. Dit lê daarvan getuienis af. Maar nie meer as dit nie, anders boet dit sy Skriftuurlike aktualiteit en gesag in.

## Waarom die belydenis veld verloor

Die vraag is waarom die belydenisskrifte, ten spyte van hulle aktualiteit, tog in 'n gereformeerde kerk in die vergeethoekie beland? Hoe dit gebeur, kan 'n mens kerkhistories vasstel en beskryf. Dat dit gebeur, moet myns insiens slegs aan twee redes toegeskryf word.

➢ Allereers gebeur dit as die kerk die Skrif en sy gesag as openbaring van die Vader (op welke manier ook) ter syde stel. Sonder die Skrif kan die gereformeerde belydenis hom nie handhaaf nie en moet hulle vergeetboeke word. Is dit die geval in die Ned Geref Kerk? Dit moet sekerlik gevra word in hoeveel huishoudings die Skrif nog 'n ereplek het? Hoeveel gesinne hou nog huisgodsdiens? As 'n mens aanvaar dat die verwaarlosing van die Skrif uitloop op die verwaarlosing van die belydenisskrifte, dan moet hier 'n rooi lig aangaan vir die Ned Geref Kerk.

➢ Tweedens verloor die gereformeerde belydenisskrifte veld as die geloof aangepas of aangevul word op só 'n wyse dat dit sy Skriftuurlike inslag en omvang inboet. Dan stoot dit die Skrif se geloof, die geloof wat die wêreld oorwin het, eenkant toe en 'n ander geloof neem dan oor. Dit is in hierdie tyd waarin ons leef nie 'n denkbeeldige gevaar nie. Die klem in die teologie van die Ned Geref Kerk op die gemeente as 'n geloofsgemeenskap, die klem op die geloofstradisie van die Ned Geref Kerk, die klem op die aktivering van die gelowiges en die inrigting van die erediens rondom die geloofsbehoeftes van die mens staan nie meer in die lyn van die oorspronklike gereformeerde belydenisaflegging nie. Hier is 'n verskuiwing besig om hom te voltrek. Die allesbepalende is nie meer – in terme van ons teks – die openbaring van die Vader nie, maar die belydenis van Petrus. Die oorsprong van die belydenis, die openbaring van die Vader, kom nie net in die gedrang nie, maar kom ook in diens van die menslike belydenis. Die konsekwensie hiervan is voor die hand liggend. Die belydenis verloor sy Skriftuurlike seggingskrag en daarom ook sy gesag. En sy aktualiteit. Daarom is daar 'n voortdurende onrustige soektog na die mees treffende en moderne verwoording van die geloofstradisie. Want 'n voël sing soos hy gebek is. Ek het min twyfel daaroor dat hierdie verskuiwing in die opvatting van wat die geloof is, en wat die belydenis van die geloof behels, verband hou met die donker skaduwee wat oor die belydenisskrifte in die Ned Geref Kerk geval het. Dit gaan in hierdie moderne interpretasie immers om die verwoording van 'n eie geloof, en nie om die erkenning van die geloof wat van "buite" gegee is nie.

Die feit dat ons in die Ned Geref Kerk die belydenisskrifte nie meer as trillend en vol lewe ervaar nie, beteken dus dat ons op ten minste een van bogenoemde punte stelling inneem. Opeens is dit duidelik dat dit 'n krisis signaleer. Want 'n kerk wat die Skrif verloor, of nie meer die openbaringsgeloof bely nie, het sy eerste liefde verlaat.

## Vergeetboeke – maar nie dooie letters nie

Ons hoef nie oor die krisis van die vergeetboeke paniekerig te raak nie. Die belydenisskrifte is vanweë hulle Skriftuurlikheid steeds aktueel. In werklikheid verloor hulle in die Ned Geref Kerk nie veld nie, maar staan hulle soos altyd teenoor die verskuiwings van die kerk se lewe en teologie om die kerk weer te help aan sy ware bestaan. Hulle is steeds daar. Maar nie om 'n bewind te voer of te herstel nie, ook nie om te hiet en gebied nie, maar om in diens te neem. Hulle is nie 'n stang wat jy moet vasbyt nie, maar 'n benadering wat by jou oorvat. Hulle laat geld nie hulle gesag nie, maar het dit, en bewaar dit. Hulle is nie 'n spreke uit die vuis nie, ook nie met die vuis nie, maar skep 'n band van liefde. Hulle maak hulleself tuis in jou lewe. En hulle hou valsheid van jou weg, kies vir jou die betroubare pad, sorg dat jou lewe en bediening nie 'n teleurstelling word nie, verryk jou lewe, gee jou insig, weerhou jou van 'n nuttelose lewe en maak jou voetstappe vas aan die Woord.

Die belydenisskrifte bewaar jou daarvan om 'n vrypostige snaterbek te word. En om op te gaan in 'n teologiese gekwetter. Die gereformeerde

belydenisskrifte skenk aan jou eerbiedige en ootmoedige vrymoedigheid, want dit is 'n vrymoedigheid in Christus, sodat Hy verheerlik kan word.

Die belydenisskrifte ly aan woordarmoede. Maar elke woord is 'n duisend preke werd. Vir en in elke tyd bly die belydenis dieselfde. Hy verander nie, omdat Christus nie verander nie en steeds uit genade mense na sy welbehae van hulle ewige dood verlos. Oor die aktualiteit van die belydenis kan ons nie uitgepraat raak nie. Daarin hoor ons hoe Gods water oor Gods akker loop – bruisend en onkeerbaar loop!

Daarom sal hierdie vergeetboeke weer onthou word.